

Geopende *Deure* **NUUSBRIEF**

Een geloof. Verskillende lewens.

Vervolg maar nie verlate nie.

Sien hoe jy geïsoleerde Christene versterk in die gevaarlikste land om Jesus te volg.



©JNSPLASH

UITGAWE 1

Geloof in Afganistan, bl. 2, 3 • Tendense vanaf die 2022 Wêreldwaarnemingslys, bl. 4
Vanuit die hart, bl. 5 • **2022 Wêreldwaarnemingslys-gebedskaart**

AFGANISTAN

Sterk geloof bly steeds – te danke aan jou hulp

Dit is skokkend om die spoed van verval in Afganistan oor die afgelope jaar te aanskou en dit is moeilik om te verstaan hoe kwesbaar die Kerk werklik in so 'n kort tydjie geword het.

Geopende Deure se missie hier was nog altyd onder die radar. Maar ons kan vir jou sê dat jou ruimhartige en betroubare ondersteuning ons vennote in staat gestel het om onmiddellik op die krisis te reageer.

Die situasie is onstabiel, grense en kampe is steeds gesluit. Die Kerk is klein en uiteengedryf. Baie mense kruip weg. Maar te danke aan *jou* hou ons aan om alles te doen wat ons kan om kwesbare geheime gelowiges te ondersteun – gelowiges soos *Zabi**.

Zabi deel ons geloof, maar haar lewe lyk baie anders as ons s'n. As gelowige in Afganistan het sy geliefdes verloor oor hul familie se

geloof. As 'n jong, geleerde vrou wat aktief betrokke is by menseregte, is sy 'n teiken vir vervolging. En anders as ons in Suid-Afrika, moet haar familie hul geloof geheim hou.

Ongelukkig weet die Taliban van Zabi se geheim, so haar lewe is in gevaar...

“Ek sal dalk moet wegkruip. Anders sal ek na Afganistan gedeporteer word. Ek kan doodgemaak word as dit gebeur.”

“My familie is geheime gelowiges,” sê sy. “'n Paar jaar gelede het die Taliban gekom en my pa weggevat omdat hy 'n Christen is. Hulle het hom vir maande lank gemartel en hom toe doodgemaak. 'n Paar maande later het my broer ook verdwyn. Ons het nooit weer van hom gehoor nie.”

Toe die Taliban in Augustus 2021 oorgeneem het, was sommige Christene in staat om

saam met die internasionale magte vanuit Afghanistan te vlug. Ander Christene, soos Zabi, moes na die grens vlug.

Zabi woon nou in 'n ander land, maar die gevaar is nog nie vir haar verby nie. Sy sê: *“Ons situasie is desperaat. Ek het geld in my bankrekening, maar ek kan dit nie van hier af bekom nie. Ek het 'n visum, maar dit gaan binnekort verval.*

“Wat gaan met my gebeur? Ek weet nie. Ek bid dat ek hierdie land kan verlaat en iewers gaan waar dit veilig is. Ek sal dalk moet wegkruip. Anders sal ek na Afghanistan gedeporteer word. Ek kan doodgemaak word as dit gebeur.”

Sterk geloof ondanks alles

Deur God se genade, het Hy ons frontliniëvennote na Zabi gelei en te danke aan jou hulp, was ons in staat om vir haar kos te gee, haar huur te betaal en vir haar geld te gee

om veilig te bly en te oorleef.

Ons vennote het vir haar gebed en haar bemoediging om sterk in haar geloof te bly. Te danke aan jou ondersteuning kan ons voortgaan om haar te help – alhoewel ons nie weet wat die toekoms inhou nie.

“Julle is 'n straal van hoop vir my. Daar is 'n kans dat ek mag lewe.”

Jou ondersteuning beteken alles vir vervolgte gelowiges soos Zabi: *“Ek dank God vir julle skenkings van kos en klere, julle finansiële ondersteuning en julle gebede en bemoediging. Julle is 'n straal van hoop vir my. Daar is 'n kans dat ek mag lewe.”*

Dankie vir jou volgehoue gebede en ondersteuning. Ons bly toegewyd om ons ondersteuning te vergroot namate die behoefte en geleentheid opduik.

*Verteenwoordigende foto's gebruik en naam weens sekuriteitsredes verander



©Alamy

Afganistan was nr. 2 op die Wêreldwaarnemingslys voor die Taliban in Augustus 2021 oorgeneem het.



Ons het na 'n kwartaallike nuusbrief oorgeskakel. Dit is deel van ons plan om goeie rentmeesters te wees van wat aan ons toevertrou is. Wees verseker dat jou nuusbrief steeds vir jou die nuutste stories uit die veld sal bring. Om meer gereelde getuïenisse, nuus en gebedsversoeke per epos te ontvang, SMS jou naam en eposadres na 43699.

Vanuit die hart



Beste vennote en vriende

Met die bekendstelling van die 2022 Wêreldwaarnemingslys, sien ons dat die omstandighede in sommige lande versleg het, terwyl ander op dieselfde hoë of uiterste vlak van vervolging bly. Dit is belangrik om kennis te dra van die gerealiseerde gevare in lande soos Afganistan, Kuba, China en Mianmar. Die koste om Jesus te volg, is baie hoog vir ons geloofsfamilie wat daar woon.

Soos wat ons oor die ontberings van die mans, vroue en kinders lees wat in voortdurende gevaar is vanweë hul geloof in Jesus, te midde van ons eie realiteite van 'n voortslepende pandemie, die gevolglike ekonomie en sosiale druk, is dit maklik om oorweldig te raak en moet te verloor.

Maar ons word deur Paulus gemaan om nie moet te verloor nie – nie oor die stand van vervolging nie en ook nie oor ons eie omstandighede nie. *“Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie... Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid*

wat alles verreweg oortref en wat ewig bly. Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.”

Hoe kan ons ons oë op die onsigbare en ewige rig in die konteks van ons vervolgte geloofsfamilie?

Ons kan bewus raak, bid, besoek, 'n stem gee en van ons eie tyd, energie en hulpbronne bydra tot die versterking van hierdie families, mans, vroue en kinders – elkeen het 'n gesig en 'n naam. God staan nie ver weg van hulle nie – en ons moet ook nie. Kom ons hou aan om hulle op te lig as Koninkryksdraers in hierdie plekke.

Ek sien uit om saam met jou in 2022 te dien!

Vrede

Lynette Leibach

Uitvoerende Direkteur

Geopende Deure Suider-Afrika



 **Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org  064 867 4730

P.O. Box 1771, Cresta, 2118



Vervolg  **Maar nooit alleen.**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**

Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: Namibië, **Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling nā: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek te perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrē by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho